# DIE DAGBOEK AS HISTORIESE BRON – MET VERWYSING NA DIE DAGBOEK VAN H.C. BREDELL

**Maria Hugo**

**The diary as a historical source with reference to the diary of H.C. Bredell**

Interest in the diary has increased considerably. Such documents are not only of value to biographers but may provide important information to scholars of other disciplines as well.

However, to determine the potential value of a particular diary the historian has to ascertain several aspects pertaining to its author, such as his personality, background and social class as well as political and other affiliations. Whether written as a private aide-memoire or for posterity may also be of paramount importance. In an attempt to portray himself in a different light or to justify his actions, a political or public figure may therefore have kept a diary intended primarily for future publication.

The objectivity and accuracy with which events were recorded willl largely determine the value of a diary as a primary source of historical information. Observations and impressions which were written down regularly and without delay will be subject to fewer errors than those based on subsequent recollections of events. Nevertheless, the historian will have to compare the information gleaned from a diary with data obtained from other sources. Where a diary has been edited for publication, changes in the language and style of the original manuscript may compromise its reliability as a historical source.

Measured against the above mentioned criteria, the major deficiency of the diary of H.C. Bredell lies in the irregularity with which the author recorded his observations. As a historical source it is primarily of importance to the biographer.

Die belangstelling in dagboeke het met verloop van tyd aansienlik toegeneem. By die bestudering van dagboeke blyk dit dat dié geskrifte nie net hoofsaaklik vir die biograaf van belang is nie, maar dat gegewens wat daaruit verkry word, ook vir ander dissiplines van betekenis kan wees.

Daar is egter verskeie aspekte wat by die waardebepaling van 'n dagboek vir die geskiedskrywing in ag geneem moet word. Eerstens sal die historikus hom van die aard van die persoonlikheid, die agtergrond, sosiale status, die politieke en ander affiliasies van die dagboekskrywer moet vergewis. Hier is die motivering van die dagboekskrywer vir die byhou van 'n dagboek van kardinale belang: was dit in eerste instansie alleen vir homself bedoel om sy geheue later te verfris, of het hy dit vir die nageslag gedoen? Was dit miskien (veral in die geval van openbare en politieke figure) om sy eie beeld te bou of omstrede optredes te regverdig? In laasgenoemde geval sal die dagboekskrywer moontlik die latere publikasie van sy geskrif beoog het. Die objektiewe en noukeurige weergawe van gebeurtenisse en die noukeurige waarneming van die dagboekskrywer bepaal in 'n groot mate die waarde van sy geskrif as primêre bron vir die geskiedskrywer. Daarby moet sy waarnemings en indrukke feitlik onmiddellik en gereeld opgeteken word, anders kan foutiewe gegewens wat op die geheue berus, maklik insluip. In elk geval sal die historikus die gegewens wat hy uit die dagboek verkry, met ander bronne moet kontroleer om die juistheid daarvan vas te stel.

In die geval waar iemand anders die redigering van die dagboek waargeneem het, is dit nodig om te verseker dat die publikasie met die oorspronklike teks ooreenstem, want selfs wysigings in die taal en styl van die dagboekskrywer, sal die outensiteit van sy geskrif as historiese bron aantas.

Getoets aan die vereistes hier bo gestel, blyk dit dat die dagboek van H.C. Bredell se groot leemte daarin bestaan dat sy inskrywings nie gereeld daagliks gedoen is nie. As historiese bron is dié dagboek hoofsaaklik vir die biograaf van belang.

*Men need history; it helps them to have an idea of who they are. But history, like sanctity, can reside in the heart — [V.S. Naipaul]*

Volgens die Nederlandse uitgewer Martin Ros[1] het die dagboek as literêre genre tot aan die einde van die 18e eeu in Wes-Europa nie veel aandag geniet nie. Tot vóór die Franse Rewolusie was dit veral die adel wat hulle daarop toegelê het om dit wat in die staats- en hoflewe plaasgevind het, in dagboekvorm op te teken. In die 19e eeu is die gebruik veral deur die oorblywende vorste in Europa, soos Lodewyk II van Beire, voortgesit. In Engeland het dié genre 'n hoogtepunt teen die tweede helfte van die 17e eeu bereik met die verskyning van die dagboeke van John Evelyn (1620-1706) en Samuel Pepys (1633-1703) en die volledige en oortuigende wyse waarop hulle die Londense samelewing van hul tyd weergegee het.

In die 20ste eeu het die dagboek soms as toevlugsoord gedien vir politieke ontvlugting in lande onder 'n diktatoriale bewind, waar die openbare meningsvorming aan bande gelê is en gesprekvoering gevaarlik kon wees. Hier kan die dagboek van die Nazi-gevangene Peter Moen,[2] wat sy aantekeninge op die kleinsdenkbare stukkies papier uitgesmokkel het, genoem word. Dit gebeur egter selde dat dagboekgetuienis as 'n verdoemende bewysstuk teen die optrede van die skrywer daarvan gebruik word. Dit het wel gebeur tydens die Neurembergse verhoor van die Nazi Hans Frank toe sy dagboek, met noukeurige aantekeninge oor die gruweldade wat tydens sy goewerneur-generaalskap oor Pole gepleeg is, as inkriminerende bewysstuk aan die hof voorgelê is.[3]

Die aftakeling van die morele, sosiale en politieke simbole na die Tweede Wêreldoorlog en die kwynende invloed van godsdienstige instellinge het dit vir mense makliker gemaak om uitdrukking aan hul gevoelens te gee. Verder het belangstelling in die sogenaamde nie-amptelike geskiedskrywing (waaronder die dagboek), wat die lotgevalle van die gewone mens weergee, sterk toegeneem.[4] Die publikasie van die groot aantal dagboeke in die reeks Privé Domein deur Martin Ros in Nederland, byvoorbeeld, en die dagboekpublikasies wat reeds hier te lande verskyn het,[5] asook die tiental oorlogsdagboeke wat deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing uitgegee is, getuig hiérvan.

Daar bestaan egter weinig dagboeke van die gewone mense, soos huisvrouens, klerke, amptenare en arbeiders of herinneringsgeskrifte van diegene wat beroepe aan die onderkant van die sosio-ekonomiese piramide beklee. Tog sou 'n studie van sulke dagboeke 'n ryke bron van inligting kon wees oor die lewenswyses, opvattinge en gewoontes van dié groep, wat volgens B. Misztal[6] en 'n Marxistiese siening die belangrikste deel van die samelewing uitmaak.

Die dagboek is die aangewese vorm waardeur 'n skrywer met homself in gesprek kan tree en antwoorde kan probeer vind op vrae wat betrekking het op sy eie probleme, sy verhouding tot sy eie tyd en die gemeenskap waarin hy hom bevind. Maar waarom hou mense dagboeke? Volgens P.A. Spalding[7] ontstaan die dagboek in sy suiwerste vorm uit die instink om die lewe te bewaar. Ook die Nederlander Hans Warren[8] vind dat dit in sý geval "'n verlange tot bestendiging is", terwyl A. Ponsonby[9] meen dat 'n mate van egoïsme, selfs ydelheid, ten grondslag

1. Het dagboek als literair genre, *Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden 1984-1985*, pp. 27-28.
2. Ros, p. 28.
3. H. Frank, *Im Angesicht des Galgens*. München, 1953; kyk J.J. Heydecker *en* T. Leeb, *Opmars naar de galg*. Amsterdam, 1974, pp. 390-392.
4. Vgl. R. Görner, *Das Tagebuch*. München, 1986, p. 21.
5. Kyk C.F.J. Muller e.a., *South African history and historians*. Pretoria, 1979.
6. Autobiographies, diaries, life histories, and oral histories of workers as a source of socio-historical knowledge, *International Journal of Oral History*. Vol. 2(3) 1981, p. 184.
7. *Self-harvest. A study of diaries and the diarist*. London, 1949, p. 54.
8. Dagboekliteratuur, *Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden 1984-1985*, p. 23.
9. *English diaries. A review of English diaries from the sixteenth to the twentieth century with an introduction to diary writing*. London, 1923, pp. 6-7.

van die dagboekskrywery lê. "Diarists", so meen hy, "are interested in themselves. They are watching themselves journeying along the road of life."[10] Die dialoog met homself kan lei tot selfanalise en om deur die verwoording van sy emosies, twyfel, angste e.d.m. 'n beter insig in homself en sy probleme te verkry. Arthur Christopher Benson (1862-1925), seun van die aartsbiskop van Kantelberg, byvoorbeeld, het aangeteken dat sy dagboek sy eie swakhede al hoe meer aan homself geopenbaar het.[11] Geen wonder nie dat Görner geskryf het: "Wer sich seiner selbst sicher ist, wird kaum geneigt sein, Tagebuch zu führen; eher jener, der sich seiner selbst vergewissen will."[12] Daar word egter erkenning gegee aan die feit dat 'n dagboek van psigologiese en terapeutiese waarde kan wees.[13]

Die dagboek dien ook as vorm van ontvlugting waarin die skrywer die wêreld waarop hy geen invloed het nie, kan beheer deur die problematiek en leed daarvan tot die beperkte kring van sy eie lewe te reduseer.[14] Veral Görner[15] wys daarop dat die dagboek in gevaarlike tye vir die skrywer as steun kan dien in sy stryd om selfbehoud en selfhandhawing, soos in die gevalle van Anne Frank[16] en Etty Hillesum[17] tydens die Nazi-bedreiging.

Indien 'n dagboek as historiese bron van enige betekenis wil wees, is volkome eerlikheid en objektiwiteit aan die kant van die skrywer 'n absolute vereiste. Ofskoon hy in 'n mate as objektiewe toeskouer teenoor homself en sy doen en late kan staan, moet hy ook nie uitsluitlik selfgesentreerd wees nie, maar ook met fyn waarnemingsvermoë en suiwer aanvoeling in ander mense belangstel. 'n Kenmerk van 'n goeie dagboek is dat die gegewens en indrukke feitlik onmiddellik spontaan opgeteken sal word. In dié verband is die kwessie van styl nie so belangrik nie, ofskoon die dagboekskrywer wel oor die vermoë moet beskik om uitdrukking aan sy gevoelens en waarnemings te kan gee.

Vir die historikus is dit belangrik om die motief van die skrywer vas te stel, aangesien dit die betroubaarheid van die geskrif as historiese bron kan bepaal. Het dit in eerste instansie gegaan om 'n noukeurige aantekening van die daaglikse gebeure, waarna hy later kan terugkeer om sy geheue te verfris, of is die geskrif vir 'n bepaalde persoon of groep bedoel om sy optrede te regverdig en sy eie beeld uit te bou? Dagboeke wat gehou word met die oog op latere publikasie, sal sowel inhoudelik as stilisties verskil van dié wat slegs om persoonlike redes gehou word.

'n Betroubare dagboek is die mees onmiddellike getuienis van 'n mens se lewe. Dit weerspieël die persoon se onmiddellike reaksie op gebeurtenisse en waarnemings, sonder dat daar eers nabetragting was, of die beïnvloeding deur die openbare mening, die media of ander getuies.[18] Dit kan beskou word as 'n *getuienisbron*,[19] wat as sodanig van aansienlike historiese waarde kan wees. Wanneer die waarnemings noukeurig en feitlik dadelik neergeskryf word, sal geheuefoute, wat dikwels in gedenkskrifte voorkom, uitgeskakel word. Dit kan ook as kontrole dien by die vasstelling van datums en feite in verband met sekere gebeure.

Die dagboek verskaf ook besonderhede wat die geskiedskrywer in staat stel om 'n duidelike beeld van 'n situasie te vorm en om 'n realistiese weergawe daarvan te gee. Marcel Proust het

10. p. 29.
11. T. Mallon, *A book of one's own. People and their diaries.* London, 1985, t.a.p. p. 268.
12. p. 70.
13. Vgl. Ponsonby, pp. 9-10; Ros, p. 27; Görner, p. 43 en 73; Mallon, p. 75.
14. Vgl. Ros, pp. 28-29.
15. p. 24.
16. Kyk *Dagboekfragmenten 1940-1945.* Den Haag, 1954.
17. *Das denkende Herz der Baracke. Die Tagebücher der Etty Hillesum.* Freiburg-Heidelberg, 1983.
18. Vgl. J. Kleiber, *Die deutsche Selbstbiographie. Beschreibungen des eigenen Lebens Memoiren Tagebücher.* Stuttgart, 1921, p. 302 en 306.
19. F.J. Stemmet, Gepubliseerde outobiografiese bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog (M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1972), p. 28.

volgens Spalding[20] daarop gewys dat daar twee soorte "geheues" is, naamlik die "intellektuele" en die "emosionele". Hy stel dit soos volg: "... while the intellectual memory gives us the dry bones of the past, the emotional memory, in a moment of revelation, restores it to us as a living thing. A phrase, a detail faithfully recorded at the time, will sometimes, like a scent or a tune, stimulate this memory, and give back the past, suddenly, exactly, completely."[21]

In tye van groot en intense lyding is daar geen bron wat die menslike stryd en daaglikse ellende, byvoorbeeld van 'n politieke gevangene, aangrypender weergee as juis 'n dagboek nie. Mallon stel dit treffend: "It is one thing to hear of a man who has spent ten years in prison for a crime he didn't commit; it is another to be taken into his cell and shown the three thousand lines he scratched on the walls to count off the days. Real horror, like real suspense, is best built gradually. Probably no book can build it more effectively than a diary."[22]

Andersyds kan die dagboekskrywer 'n bydrae tot die geskiedskrywing lewer deur sekere anekdotes, grappige voorvalle of selfs skinderpraatjies aan te teken waarvan hy moontlik die enigste bron is. Die aard van die fluisteringe en die wyse waarop hy dié sappighede aanteken, sal egter ook lig werp op die mentaliteit van die skrywer.

Die bestudering van dagboeke kan ook vir die historikus persoonlik van waarde wees. Deur in aanraking te kom met getuienis van die stryd, menslike swakhede, neerlae en vertwyfeling van 'n medemens, kan hy tot die besef kom van sy eie tekortkominge en dit kan 'n simpatieke benadering bewerkstellig ten opsigte van diegene oor wie hy 'n historiese oordeel moet uitspreek.

Wanneer al die ervaringe, drome en indrukke van mense en hul kritiese beskouinge oor landsake, die kuns en die gemeenskapslewe opgeteken is, word die ideale dagboek vir Görner "'n kaleidoskoop van die lewe".[23]

Onderskeid kan getref word tussen 'n joernaal, wat van ampsweë gehou word, soos skeepsjoernale, en die persoonlike dagboek waar die inskrywings in 'n mate bepaal word deur die belangrikheid van daaglikse gebeure en die gemoedstoestand van die skrywer op daardie oomblik. In die algemeen gesproke het die joernaal hoofsaaklik betrekking op een bepaalde onderwerp, soos 'n reis wat onderneem word, of wetenskaplike ondersoek wat gedoen word, terwyl die dagboek betrekking het op die persoonlike aantekeninge van die gewaarwordinge, belewenisse en opvattings van die skrywer. Waar die aantekeninge oor reisindrukke, plekke en landstreke handel, kan die inskrywings nie slegs objektiewe feite bevat nie, maar ook iets van die skrywer self openbaar deur sý weergawe van dit wat sy aandag getrek het, sy reaksie op 'n vreemde omgewing en sy optrede teenoor die mense wat hy ontmoet. Van kultuurhistoriese belang is natuurlik die geografiese en klimatologiese eienskappe van 'n streek en die aktiwiteite en leefwyse van die mense wat daaruit volg.

In feitlik alle dagboeke word na die weersgesteldheid, die persoon se gesondheid, sy voornemens, die daaglikse aktiwiteite en probleme, waarmee hy te kampe het, verwys. Hierdie aantekeninge word gewoonlik nie met die oog op publisiteit of 'n bepaalde oogmerk gedoen nie, maar slegs as feite uit die daaglikse lewe opgeteken. Vir Spalding[24] is dit die kenmerke van wat hy "die egte dagboek" noem. 'n Vergelykende studie van dergelike dagboeke uit 'n bepaalde streek, kan vir die kultuurhistorikus 'n waardevolle bron wees om 'n beeld te verkry van die daaglikse doen en late van die mense aldaar.

Waar die weersgesteldheid getrou opgeteken is, kan die gegewens belangrik wees vir navorsing met betrekking tot landboutoestande en natuurverskynsels soos aardbewings, oorstromings en droogtes, en selfs ook by die bestudering van die beplanning en verloop van

20. pp. 58 en 59.
21. Vgl. ook Ponsonby, p. 43.
22. p. 205.
23. p. 49.
24. p. 12.

veldslae in die geskiedenis.

'n Noukeurige verslag van die gesondheidstoestand van 'n persoon kan, veral waar dit betrekking het op iemand in die openbare lewe of in 'n gesagsposisie, vir die biograaf van belang wees en selfs lig werp op sy houding en optrede in sommige gevalle.

'n Huweliksverhouding en die optredes van ouers teenoor hul kinders is nie net van biografiese waarde nie, maar ook kultuurhistories van belang met betrekking tot 'n beeld van die gesinslewe van 'n bepaalde tydperk. Verder is inskrywings oor geboortes, huwelike en sterftes van belang om die juiste datums vas te stel in gevalle waar onsekerheid bestaan.

Die vermelding van huishoudelike uitgawes en verskillende pryse is van belang vir die ekonomiese geskiedenis, terwyl die skrywer se houding ten opsigte van voedsel en drank nie net die aandag van die biograaf nie, maar ook dié van die kultuurhistorikus verdien.

Die verwysing na leesstof of die afwesigheid daarvan, is 'n aanduiding van die smaak en literêre ontwikkeling van die dagboekskrywer, terwyl afleidings met betrekking tot sy lewens- en wêreldbeskouing ook uit sy aantekeninge gemaak kan word. Ponsonby[25] meen egter dat religieuse ontboeseminge nie altyd getuig van opregtheid of ware insig by die persoon nie: "There may also be found in some cases a scarcely-concealed conviction that the prayer and moralising will at some future date be edifying reading for others." Indrukke van hooggeplaastes is van belang en ook 'n openbaring van die persoonlikheid en waardeopvatting van die dagboekskrywer deur die weergawe van dit waarop hy gelet het en wat hom die meeste getref het. Wat aantekeninge oor openbare figure en politieke gebeure betref, is dit van belang om te weet of die skrywer die gebeurtenisse op 'n nugtere, saaklike wyse aangeteken het en of hy emosioneel en ideologies daarby betrokke was.

Die ooggetuie van 'n ramp of 'n ongeluk kan die realisme in die historiese weergawe daarvan verhoog en 'n idee gee van die reaksie van die omstanders, soos blyk uit die roerende klaaglied van Anna Steenecamp na die moorde by die Bloukransrivier en Moordspruit.

Oorlogsdagboeke maak 'n groot persentasie uit van alle dagboeke. Vanselfsprekend sal die skrywer se aantekeninge slegs gaan oor gebeurtenisse, wat hy op 'n bepaalde tydstip en op 'n bepaalde plek meegemaak het.[26] Dié geskrifte kan die afwisselende gemoedstemminge van die skrywer gedurende die oorlog weergee en feite verstrek oor onder meer die weersgesteldheid, die getal troepe, vooruitsigte op versterkings en die bewegings van die vyand.

In al bogenoemde gevalle is dit vir die historikus belangrik om vas te stel of die dagboekinskrywings gereeld of met onderbrekings gedoen is en of daar nie later byvoegings of wysigings met die oog op publikasie gemaak is nie; want dan verloor die geskrif sy waarde as 'n "onmiddellike getuienis".

Al bogenoemde aspekte in ag geneem, kom mens tot die gevolgtrekking dat die dagboek veral vir die biograaf en in 'n mate vir die kultuurgeskiedskrywer as bron kan dien, want in die dagboek ontmoet mens die persoon soos hy is, met al sy tekortkominge, sy kleinlikhede en vertwyfelinge. Hans Warren stel dit kernagtig soos volg: "Hun zielsgebreken zijn er niet bemanteld door het rijke gewaad van de groter kunst ... Het komt hier dichts bij een persoonlijke ontmoeting."[27]

'n Volledige en noukeurig opgestelde dagboek is 'n weerspieëling van die lewe van 'n persoon dag na dag. Dit is slegs in 'n dagboek dat 'n persoon (en hier dink mens veral aan volksleiers, politici en openbare figure) se innerlike geopenbaar word.[28] "The man as he appeared to others", meen Spalding, "is the actor who moves across the stage of history: in the

25. p. 16.
26. Kyk Ponsonby, pp. 21-22.
27. p. 23.
28. J. Tosh in *The pursuit of history*. London-New York, 1987, p. 39 wys daarop dat geen historikus wat nie die dagboeke van Gladstone gelees het nie, ooit 'n insig in die persoonlikheid van dié Britse staatsman sal verkry nie.

pages of the diary we come face to face with the man as he appeared to himself."[29] Deur die openbaring van die krities reflekterende omgang met homself, die soeke na 'n antwoord op die vraag wat sy verhouding tot sy eie tyd is en moet wees, en die mense in sy gemeenskap, kan die dagboek 'n belangrike bydrae lewer tot die vorming van 'n beeld van die skrywer en sy psigologiese ontwikkeling. 'n Mens kan 'n boek lees, of 'n gedig of voor 'n skildery staan, sonder om 'n beeld van die mens agter die kunswerk te vorm, maar jy kan nie 'n dagboek deurlees sonder om die skrywer daarvan in 'n mate te leer ken nie.[30] Ponsonby[31] meen egter dat 'n dagboekskrywer hom veel duideliker deur sy spontane aantekeninge en die verswyging van feite openbaar as deur die sogenaamde "selfdisseksie",[32] wat òf tot 'n geringskatting, òf tot 'n oorskatting van homself kan lei. Hy waarsku ook dat die dagboekskrywer moontlik 'n bepaalde beeld van homself vir die nageslag wil daarstel, met die gedagte: "Posterity will know less, will be more lenient, and may accept a man at his own valuation."[33] Dit is aspekte soos hierdie wat die biograaf in gedagte moet hou.

Soos reeds vermeld, kan die dagboek ook vir die kultuurhistorikus van waarde wees.[34] Die intelligente dagboekskrywer wat op die dinge rondom hom let en daarop reageer, vertolk die gevoelens en gedagtes van sy tyd. Sy geskrif sal aantoon hoe die opvattinge, sedes en waardes, en ook die taal geleidelik verander het. Daarby verbeeld hy tegelyk die morele, intellektuele, politieke en sosiale nood van sy tyd. Spalding[35] meen dat gegewens in 'n dagboek oor die gebruike, opvattings en die sosiale lewe van 'n gemeenskap 'n baie getrouer weergawe is as die verslag van 'n toevallige reisiger, wat sake slegs van buite af beskou. Die dagboekskrywer is deel van daardie gemeenskap en sy wortels is daarin gevestig en as hy daarin slaag om die atmosfeer en die karakter van die plek en die tyd waarin hy geleef het, weer te gee, lewer hy 'n bydrae tot die kultuurgeskiedenis wat die historikus moeilik kan ewenaar.[36]

Die dagboek is ook van betekenis vir die sosiale geskiedenis, want behalwe dat dit 'n persoonlike dokument is wat die verskillende fases in die gang van 'n menselewe weerspieël, verskaf dit gegewens oor die maatskaplike en ekonomiese toestande en instellinge wat die lewe van die persoon geraak en sy gees beïnvloed het. Dit openbaar die verskillende faktore wat tot die totstandkoming van 'n gemeenskap gelei het en hoe veranderinge met die tyd ingetree het.

Misztal[37] spreek die gedagte uit dat geen sosiale geskiedskrywing moontlik is sonder om kennis te neem van hoé mense teenoor hul beroep en die werk wat hulle verrig het, gestaan het nie en hoe veranderinge in die sosiale en ekonomiese omstandighede hulle geraak het. Die dagboek kan lig werp op die verstedelikingsproses, die ontstaan van 'n nuwe geestesgesteldheid by dié mense wat hulle in 'n nuwe en vreemde omgewing bevind het, en hoe hulle geleidelik 'n nuwe sosiale milieu vir hulself geskep het. Insig kan moontlik so verkry word in verband met beroeps- en ekonomiese aanpassings, probleme in verband met huisvesting, werktye en arbeidstoestande. Vir Misztal kan alle maatskaplike toestande en kulturele aktiwiteite toegeskryf word aan 'n voortdurende wisselwerking van die denke en wilsuitinge van die indiwidu enersyds, en die sosiale en maatskaplike realiteite waarmee hy gekonfronteer

29. pp. 30-31.
30. Vgl. Mallon xvii-xviii: "No form of expression more emphatically embodies the expresser: diaries are the flesh made word."
31. p. 10.
32. Van haar dagboekaantekeninge het die skryfster M.E.R. in *My beskeie deel*. Kaapstad, 1976, p. 4, die volgende getuig: "Het 'n renons in hierdie skrywery gekry: 'n mens verval so maklik in 'n uitpluisery van jouself – 'n sieklike ding."
33. p. 8.
34. Vgl. Kleiber, p. 305; Ros, pp. 36-37.
35. p. 24.
36. Spalding, p. 47.
37. pp. 181-194.

word.[38]

Dit is sekerlik belangrik dat die motief van die dagboekskrywer vir die notering van die gebeure uit sy daaglikse lewe nagespeur word. By die vasstelling van die betroubaarheid van die geskrif as historiese bron is dit ook noodsaaklik om kennis te dra van die skrywer se agtergrond, sy beroep, sy posisie in die samelewing, sy politieke affiliasie en so meer. Waar latere publikasie die oogmerk was, bestaan die moontlikheid van 'n eensydige weergawe van gebeurtenisse ten gunste van die skrywer of 'n doelbewuste weglating van sekere feite. A. Johnson[39] waarsku dat die dagboek van iemand wat in die openbare lewe opgetree het, feitlik altyd *une pièce justificate* is – hy moet sy optredes regverdig en hy kan die aandeel wat hy in sake gehad het, vergroot of oorbeklemtoon.[40] 'n Mate van subjektiwiteit sal gewis by die dagboekskrywer aanwesig wees.

'n Ander belangrike faktor wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat die skrywer by sý weergawe van 'n gebeurtenis, of die optrede van 'n persoon, heel dikwels nie oor àl die feite beskik het om 'n objektiewe beoordeling of evaluering te kon gee nie. Die Afrikaanse skryfster M.E.R. waarsku teen die neerskrywe van 'n feit asof dit die vaste waarheid is, want daardeur kry die geskrewe woord "'n beïnvloedingsmag" wat dit nie altyd toekom nie.[41] Görner[42] weer wys op die rol wat verbeelding by die geestelike verwerking van die indrukke en belewenisse van die dagboekskrywer kan speel.

Vir die gebruik as 'n betroubare historiese dokument is dit belangrik dat vasgestel word of die geskrif wel deur die outeur self opgestel is en of dit die oorspronklike manuskrip is. Dit is ook belangrik om te weet of die inskrywings onder die aangegewe datum gedoen is en nie miskien later bygevoeg is en op herinnering berus nie, wat die betroubaarheid van die dokument dan verminder. Dit is ook soms moeilik om vas te stel of alle gegewens wel deur die skrywer self verstrek is en of sommige feite nie uit ander bronne ontleen is nie. Indien 'n verwysing na die bronne waaruit die feite verkry is, ontbreek, word die waardebepaling van die dokument as historiese bron bemoeilik.

In die geval van 'n gepubliseerde dagboek ontstaan die vraag in watter mate die publikasie nog die oorspronklike inhoud bevat en hoeveel bygevoeg is. Indien daar redigering deur iemand anders plaasgevind het en daar ter wille van volledigheid of leesbaarheid wysigings in die teks aangebring is, moet bepaal word of die veranderinge nie die geloofwaardigheid van die dokument aangetas het nie. Veral wanneer wysigings in die taal en styl van die oorspronklike teks aangebring is, verloor die dagboek sy waarde nie net as dokument vir die historikus nie, maar ook vir die taalkundige.

Stemmet[43] is veral bekommerd oor hoeveel van die inhoud wèl dagboekgetuienis is en nie die verwerking van die oorspronklike dokument deur die outeur self, òf deur iemand anders, òf 'n verwerkte kombinasie van herinneringsfeite is nie. Op die keper beskou, gaan dit vir die geskiedskrywing slegs om die *betroubaarheid* van die dagboek as dokument en die juistheid van die historiese feite. Indien daar veel op herinnering berus, bly die probleem dieselfde, naamlik die vasstelling van die betroubaarheid van die gegewens met behulp van ander bronne.

---

38. p. 187.
39. *The historian and historical evidence.* New York, 1965, p. 89.
40. Vgl. A. Nevins, *The gateway to history.* Boston, 1938, p. 145 en L. Gottschalk, *Understanding history: a primer of historical method.* New York, 1969, p. 18.
41. p. 5.
42. Vgl. ook Mallon, p. 209.
43. Kyk pp. 29 en 30.

**Dagboek van H.C. Bredell**

Hermanus Christiaan Bredell (1865–1953),[44], 'n Kaaplander van geboorte, het blykbaar deeglike onderwys ontvang. Nadat hy verskeie beroepe gevolg het, is hy in 1898 as Verantwoordelike Klerk in die kantoor van die Kommissaris van Polisie van die Zuid-Afrikaansche Republiek aangestel. Kort voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog in Oktober 1899 het hy opdrag ontvang om president Kruger snags met sekretariële werk behulpsaam te wees – 'n reëling wat meegebring het dat hy in die presidensiële woning oornag het. Bedags het hy sy gewone pligte in die polisiehoofkwartier nagekom. Veral na die uitbreek van die oorlog het sy werksaamhede toegeneem en hy het selfs 'n tyd lank as Kommissaris van Polisie waargeneem. Teen die einde van Mei 1900 het hy president Kruger eers na Machadodorp en daarna na Europa vergesel waar hy as Kruger se lyfwag en private sekretaris tot die president se dood op 7 Julie 1904 opgetree het. Die dagboek wat op 13 Mei afgesluit is, bevat aantekeninge oor hierdie tydperk in Bredell se lewe.[45]

Die dagboekaantekeninge, in Bredell se handskrif, is klaarblyklik nie met die oog op publikasie gedoen nie, maar waarskynlik om sy geheue te verfris by die latere lees daarvan. Dit is duidelik dat Bredell nie 'n besondere voorliefde vir die byhou van 'n dagboek gehad het of 'n gereelde dagboekskrywer was nie. Die streng selfdissipline van die toegewyde dagboekskrywer het by hom ontbreek. Daar kom dikwels groot onderbrekings voor en soms is die aantekeninge dae later terugskouend gemaak. In sulke gevalle berus die gegewens in die dagboek op die herinnering van die skrywer wat gevolglik die waarde van die geskrif as historiese bron verminder. Die aantekeninge neem in aanvang sonder die vermelding van bepaalde datums en dit is eers vanaf 21 November 1900 dat die inskrywings in 'n mate daagliks gedoen is. So byvoorbeeld is die inskrywings onder die datums 23, 24 en 25 Julie 1901 op 28 Julie gedoen en ontbreek daar daaglikse aantekeninge tussen 16 en 30 April 1902 "weens drukke werksaamhede."[46]

Bredell beskik oor die vermoë om sy gedagtes kernagtig in Nederlands uit te druk, ofskoon Afrikaanse uitdrukkings en die skryfwyse van woorde dikwels insluip, soos "nog" vir "noch" en "tog" vir "toch". Verder kom foutiewe spelling en woorde uit Frans en Duits ook voor.[47] Onder die datum 30 Julie 1901 verskyn die volgende: "De ossen en koien die trekken moeten, worden in een tuig evenals een paard, ingespannen. Voor elk Afrikaner zou dit heel bijzonders klinken, maar't is tog een feit en heel leuk is't de dieren met een "collar" tuig te zien "abfaren".

Afgesien van 'n gereelde weergawe van die weersgesteldheid, verskaf die dagboek gegewens met betrekking tot die daaglikse roetine in die presidensiële huishouding,[48] die eredienste wat hulle Sondae in Utrecht bygewoon het, uitstappies wat onderneem is en die besoekers wat deur president Kruger aan huis ontvang is. Vir die geskiedskrywer bied die geskrif egter 'n probleem wat die identifikasie van persone betref, aangesien daar dikwels slegs na die familienaam, soos kmdt. Gravett, prof. Krans, dr. en mev. Malan of net na 'n voorletter, byvoorbeeld Miss R.,[49] verwys word. Dieselfde geld i.v.m. "oom Japie", iemand met wie

44. Vir 'n vollediger biografie van Bredell kyk D.W. Krüger *en* C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*. Dl. III. Kaapstad, 1977.
45. Hierdie bespreking berus op die gepubliseerde weergawe van die Bredell-dagboek, wat in 1972 in Pretoria gepubliseer is. Dit het onder die redaksie van A.G. Oberholster as *Bronnepublikasie Nr. I* van die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing verskyn. Die oorspronklike manuskrip wat uit 'n vyftal sagtebandoefeningboekies bestaan, berus in die H.C. Bredell-versameling in die Transvaalse Argiefbewaarplek (T.A., A.413), Pretoria.
46. Vgl. Oberholster, p. 37, n. 90 en p. 39, n. 92.
47. Vir verdere voorbeelde van taalgebruik kyk Oberholster, p. 7.
48. Kyk onder 16.5.1901.
49. Onder 13 en 14.8.1901.

Bredell blykbaar goed bevriend was en wat hom vir die belange van die Boerekrygsgevangenes beywer het.[50]

Bredell maak ook melding van die simpatieke ontvangs wat die president, nie net in Europa nie,[51] maar ook op die *Gelderland* geniet het en van die toejuiging deur Duitse skepe, wat verbygevaar het.[52] Minder bekend is die mislukte aanslag wat 'n Hollander op president Kruger se lewe gemaak het by hul aankoms te Hilversum.

Daar is ook minder gunstige verwysings na die ander lede van die president se personeel, soos sy kleinseun Frikkie Eloff en sy lyfarts, dr. G. Heymans, waaruit dit blyk dat hulle dikwels om persoonlike sake afwesig was, sonder verlof of die medewete van die president.[54] Uit sy aantekeninge wil dit voorkom asof Bredell en die Hollandse bediende A. Happé die enigste persone was wat altyd getrou op hul pos was. Die indruk word ook geskep dat die familie van president Kruger, wat hulle by hom aangesluit het, wel deeglik van hul verblyf gebruik gemaak het om in Europa rond te reis en die tyd daar te geniet.[55] Die teenwoordigheid van mevv. E.A. Wessels, J.E. de la Rey, C.M.T. Reitz, H.B. Viljoen en S.M.M. Wolmarans word vermeld, asook laasgenoemde se dogter, wat die plesiertog op die Maas meegemaak het.[56]

Opmerkings in die dagboek, sonder verdere verklarings, skep 'n probleem vir die historikus, omdat daar nie presies afgelei kan word waarop die skrywer dui nie. Op 10 Junie 1901, byvoorbeeld, teken Bredell aan dat dit skyn of die koms van mev. Annie Botha, die eggenote van genl. Louis Botha, vergesel van die seuns van Abraham Fischer, "nog al een pessimistische invloed heeft op onze menschen hier." Op 14 Junie het sy langer as twee uur lank in gesprek met Kruger verkeer en die volgende dag is die onderhoud in die teenwoordigheid van dr. Leyds, Wessels, Wolmarans en Fischer voortgesit. Bredell het daarna 'n gesellige tydjie saam met mev. Botha in haar hotel deurgebring en selfs 'n foto van haar geneem. Tog verskyn die volgende in sy dagboek:[57] " 't Spijt mij, maar ik begin wel te twijfelen of't vrouwelijk geslacht 't vertrouwen van den man waardig is. Ongelukkig indruk, maar helaas! voor mijne ondervinding." Hierdie uitlatings vestig die aandag op mev. Botha en haar rol gedurende die oorlog.

As buitestaander wat nie by die besprekings en oorlegplegings wat met dr. Leyds en die Boere-afgevaardigdes gevoer is, was nie, verstrek die Bredell-dagboek geen inligting oor hierdie aangeleenthede nie. Hy werp egter lig op die president se reaksie op die oorlogsberigte en die verloop van die stryd tussen die republikeinse burgers en die Britse magte,[58] en Kruger se verslaenheid by die aanhoor van die vredesvoorwaardes, wat deur die Boere aanvaar is.[59] Hy skryf onder meer: "Het was alsof zijne gelaat, zijne oogen, zijn geheel voorkomen geheel en al grooter en zwaarder werd en kon eenig een't zien dat er groote lijden in zijn binneste omging." Kruger se geloof dat die Heer uitkoms sou gee en dat Suid-Afrika uiteindelik heeltemal van Britse oorheersing vry sou wees, kom telkens na vore.[60]

Op 28 April 1903 teken Bredell aan dat 'n kabelgram van genl. J.C. Smuts ontvang is omtrent president Kruger se terugkeer na Suid-Afrika. Hy verstrek egter nie die inhoud daarvan nie. Die volgende dag vra hy Kruger of hy na Transvaal sou terugkeer, waarop die

50. O.m. onder 15.7.1901 en 16.7.1901.
51. O.m. 26.6.1901 en 28.6.1901.
52. 14.11.1900.
53. Blykbaar het dit op 6 April 1901 gebeur; Bredell verwys na die voorval onder die datum 15.4.1901.
54. Onder die datums 30.5.1901; 31.5.1901; 2-7.9.1901; 12, 13, 14.3.1902; 31.3.1902.
55. Kyk onder 3.3.1902; 9.4.1902; 21.5.1902 en 23.4.1903.
56. 27.6.1901.
57. 15.6.1901.
58. O.m. op 11.9.1901; 15.9.1901; 11.3.1902.
59. Kyk onder 3.6.1902 en 7-13.6.1902.
60. Kyk 13.7.1901; 5.6.1902; 15.6.1902 en 23-30.6.1902.

grysaard antwoord: "Maar wie zou dan niet dankbaar zijn als hij weer onder zijn familie en vrienden kon wonen?" Op die 30ste het dr. Leyds, wat blykbaar teen die president se terugkeer was, sy opwagting gemaak en op 4 Mei het Bredell 'n lang gesprek met hom oor dié aangeleentheid gevoer, sonder om besonderhede mee te deel. Dit word aanvaar dat Leyds se teenkanting die deurslag gegee het met betrekking tot Kruger se voortgesette verblyf in Europa.

In enkele sinne word die einde van president Kruger se amptelike verblyf as hoof van 'n onafhanklike staat aangedui: die verwydering van die nasionale vlae van die twee gewese Boererepublieke die aand van 14 Junie 1902, die beëindiging van die dienste van E.J. Bok en C. van Boeschoten,[61] en die vertrek van die twee diensmeisies, Willempje Moll en Annie Das.[62] Vanaf 13 Julie 1903 bestaan die dagboek (met lang onderbrekings) slegs uit fragmentariese aantekeninge om op 13 Mei 1904 met dié inskrywing te eindig: "Gaurantie gas regelen".

Die Bredell-dagboek verstrek gereelde aantekeninge oor die gesondheidstoestand van die president en bevestig sekere eienskappe van hom wat reeds uit ander bronne bekend is, soos sy onwrikbare geloof en diepe godsdienssin.[63] Dit belig egter ook 'n ander karaktertrek wat miskien minder bekend is. Na die gekibbel oor die salaris van Bredell en dr. Heymans nadat hulle ingestem het om in die president se diens aan te bly, maak Bredell dié opmerking: "... die oubaas is een harde noot te kraken"[64] en op 5 September 1902: "... ZHE.d. was nooit een philanthroop in financieele zaken!!" Dat Kruger ook 'n terggees was, kom uit in die spel met die kinders[65] en sy plaery omdat Bredell nie van varkvleis gehou het nie.[66]

Dit is egter vir die biograaf dat die dagboek die meeste waarde het, want die aantekeninge verskaf 'n insig in die persoonlikheid van Bredell, wat elders seker nie maklik verkry kan word nie. Ofskoon hy deurgaans aantekeninge oor die weer gemaak het, blyk dit dat Bredell se belangstelling in 'n groot mate tot die onmiddellike kring rondom president Kruger en die gebeure in die twee Boererepublieke beperk was. Hy toon geen belangstelling in die politieke, sosiale of ekonomiese toestande in Nederland nie en afgesien van die daaglikse voorlesing van koerantberigte aan die president, is daar geen aanduiding van enige lektuur wat sy aandag geniet het nie. Sy groot voorliefde is die fotografie en hy neem dan ook voortdurend kiekies. Die weergawe van die indrukke wat hy op sy reise opdoen, is beperk tot die verwysing na natuurtonele, boerderybedrywighede, monumente en geboue, sonder om die voorkoms of argitektuur daarvan te beskryf. Slegs wanneer hy deur oom Japie of F.C. Eloff en die Eloff-dames vergesel word, bring hy 'n besoek aan interessante plekke en woon hy konserte by, sonder om sy indrukke daarvan weer te gee. Dit skyn nie of Bredell sy ledige ure met iets intellektueels of konstruktiefs gevul het nie.

Pligsgetrouheid, stiptelikheid en 'n mate van ongeduld kom na vore as kenmerke van sy persoonlikheid. Eersgenoemde laat hom egter soms as 'n gevangene voel in vergelyking met ander lede van die personeel, wat hulle vryhede veroorloof waarvan die president soms nie kennis dra nie. Uitlatings in dié verband, stel Frikkie Eloff en dr. Heymans nie altyd in 'n gunstige lig nie.

Deurgaans blyk sy agting vir en toegeneentheid tot president Kruger wat, soos hy dit laat deurskemer, groot steun aan hom het. Nietemin is daar steeds 'n onvergenoegdheid by hom te bespeur oor die minderwaardige posisie wat hy beklee. Hy voel in sy eer gekrenk dat hy soos 'n gewone bediende behandel word en nooit ingesluit word by belangrike besprekings wat dr. Leyds en die Boere-afgevaardigdes met Kruger voer nie. Dit versterk die begeerte by hom – wat

61. 17.4.1903; 1.5.1903 en 7.5.1903.
62. 13.5.1903.
63. Kyk onder 30.5.1901; 9.6.1901; 12.9.1901 en 6.3.1902.
64. 23-30.6.1902.
65. 6.3.1902.
66. Onder 16-30.4.1902.

hy meermale uitspreek[67] – om na Suid-Afrika terug te keer en iets wat die moeite werd is, iets heldhaftigs te doen wat sy aansien sal verhoog. Hy is gesteld op prestasie en erkenning.

Ofskoon hy blykbaar in die omgang maklik kontak gemaak het en die uitnodigings aan huis van gasvrye Nederlanders gewaardeer en die samesyn in 'n simpatieke vriendekring geniet het, kom Bredell tog as 'n geslote mens voor wat sy emosies – altans in die dagboek-aantekeninge – moeilik kon verwoord, ook wat sy gevoel teenoor Nettie Eloff (sy latere eggenote) betref. In die vreemde bly hy die eensame, wat na iemand smag met wie hy sy gedagtes kan deel.[68] Behalwe sy neerhalende uitlatings oor Van Boeschoten,[69] in wie hy 'n hekel het, is daar geen gegewens oor sy indrukke van en verhouding met persone soos dr. Leyds, Eduard Bok of dr. Heymans of die aard van die gesprekke wat hy met hulle gevoer het nie.

Samevattend dus: die dagboek van H.C. Bredell is as historiese bron van betekenis in sover dit gegewens verstrek oor president Kruger se verblyf in Europa en dit sekere fasette van sy persoonlikheid belig. Verder gee dit 'n insig in die mens Bredell, wat vir die verhaal van sy lewe van belang kan wees. Die groot leemte in die dagboek is die feit dat die inskrywings nie daagliks deurlopend gedoen is nie. Soms berus dit op sy herinnering en word nie datums verstrek nie of foutief aangedui wat 'n vraagteken plaas oor die betroubaarheid van sy gegewens. So byvoorbeeld vermeld hy dat Kruger en sy geselskap op *ongeveer* 28 Mei 1900 uit Pretoria na Machadodorp vertrek het, terwyl ander bronne die datum as 29 Mei gee.[70] Bredell beweer verder dat hy die waens met goud en geld na die geselskap se aankoms op Machadodorp moes bewaak het. Dit is nie duidelik na watter goud hier verwys word nie. Volgens D.W. Krüger[71] het Smuts die goud en kontantgeld van die staat die oggend van 4 Junie 1900 per spesiale trein na die regering op Machadodorp versend.

Ten slotte 'n enkele gedagte oor die gepubliseerde weergawe van die dagboek: die redakteur het dit goed gedink om (in sy eie woorde) "oppervlakkige wysigings" in die teks aan te bring, die skryfwyse ten opsigte van datums, tydsaanduiding, die spelling van woorde en afkortings te "standaardiseer" om die lees te vergemaklik. Verder is "Ooglopende verskrywings", volgens hom "in die meeste gevalle stilswyend herstel. Slegs in enkele gevalle is die verskrywings en die herstelling aangedui."[72] Hierdeur is die outensiteit van die teks aangetas.

67. Kyk onder 13.6.1901; 18.8.1901; 3 en 4.10.1901; 7.4.1902 en 11.4.1902.
68. Onder 21.5.1902.
69. Kyk 19.4.1901; 31.5.1901; 26.6.1901; 19.8.1901 en 24.8.1901.
70. D.W. Krüger in sy biografiese skets van pres. Kruger in die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek.* Dl. I (Tweede druk). Kaapstad, 1976, p. 473 en H.C. Bredell *en* Piet Grobler, *Gedenkskrifte van Paul Kruger.* Pretoria, 1947, p. 172.
71. D.W Krüger, *Die Kruger-miljoene.* Johannesburg, 1979, p. 27.
72. Kyk Oberholster, pp. 5-6.